MIDSTREAMSKOLE

TOELATINGSBELEID EN PROSEDURE

MS005A

Hartlik welkom by die sfeer van uitmuntendheid wat ons hier by die **Midstream skole** volg.

U word versoek om kennis te neem van die volgende:

- MIDSTREAM COLLEGE (graad 8 tot 12) is 'n privaat hoërskool, en MIDSTREAM COLLEGE LAERSKOOL en MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL (Graad 1 tot 7) is privaat laerskole met hul eie toelatingsvereistes, wat dieselfde is vir albei laerskole. Afrikaans en Engels is die twee amptelike onderrigtale.
- Toelating sal oorweeg word, sou daar plek in die betrokke graad beskikbaar wees. Voorkeur sal gegee word aan leerders wat in Midstream Estates woon en/of een van die Midstream laerskole bywoon.
- Toelating word nie gewaarborg nie en die toelatingsproses gebeur nie outomaties tussen die Midstream hoërskool en laerskole nie.

MIDSTREAM COLLEGE (MC):

1. Die toelatingsvorms moet volledig aanlyn voltooi word.
2. Wanneer u die aansoekvorm elektronies indien, is 'n nie-terugbetaalbare registrasiefooi van R500 per leerder betaalbaar.
3. Dien al die vereiste ondertekende dokumentasie saam met die aansoek aanlyn in soos gelys op die toelatingslandingsblad.
4. Leerders sal vir 'n verpligte toelatingstoets geskeduleer word om die leerder se akademiese vermoë vas te stel. U kan 'n afspraak vir die toets by die toelatingsekretaresse bespreek. Die toets duur 1 uur 15 minute.
5. Die toets sal gemerk word.
6. **MC** mag, indien nodig, die leerder se vorige plek van skoolopleiding kontak met betrekking tot geloofwaardige inligting vir toelatingsdoeleindes.
7. Die skool sal na goeddunke 'n onderhoud met die voornemende leerder en ouer skeduleer.
8. Aanbevelings sal gemaak word en toetsuitslae sal met ouers bespreek word.
9. Aanvaarding sal afhang van die assesseringsresultate, die onderhoud, wat die leerder die College kan bied, asook hoe die aansoeker by die College kan baat vind.
10. Die uitslae van hierdie besluit sal teen einde Junie aan die ouers gekommunikeer word, nadat al bogenoemde nagekom is.
11. Die toelating en inskrywing van leerders tot **MC** is na goeddunke van die toelatingspaneel wat 'n leerder toelating tot die College mag weier sonder om redes daarvoor te gee. Hulle kan tydelike of voorlopige inskrywing aan die College toestaan, onderhewig aan verdere bepalings en voorwaardes wat die paneel mag oplê. Die paneel kan, na goeddunke, ’n inskrywing ooreenkomstig die reëls kanselleer.
12. Behoudens klousule 9, moet die skryf van die toets en indiening van die aansoekvorms nie geïnterpreteer word as 'n waarborg wat deur MC gemaak is dat 'n leerder tot die College toegelaat en ingeskryf sal word nie.

MIDSTREAM COLLEGE PRIMARY (MCP) / MIDSTREAM RIDGE PRIMARY (MRP)

1. Die toelatingsvorms moet aanlyn volledig voltooi word.
2. Wanneer u die aansoekvorm indien, is 'n nie-terugbetaalbare registrasiefooi van R400 per leerder betaalbaar.
3. Dien al die vereiste ondertekende dokumentasie, met die aansoek, aanlyn in soos gelys op die toelatingslandingsblad.
4. Graad 2- tot 7-leerders sal geskeduleer word vir 'n verpligte plasingstoets om die leerder se akademiese vermoë vas te stel. Graad 1-leerders sal vir 'n evaluering geskeduleer word.
5. Na suksesvolle voltooiing van die plasingstoets/evaluering sal 'n besluit geneem word rakende die plasing van kinders tussen die twee laerskole.
6. Die volgende faktore sal in ag geneem word wanneer plasings gemaak word:
   - Broers en susters tans in die skool.
   - Getalle in die graad.
7. Alhoewel alles moontlik gedoen sal word om aan bogenoemde kriteria te voldoen, behou die skoolraad en onderskeie skoolhoofde die reg voor om leerders te plaas by watter skool hulle ook al geskik ag, volgens die voorgeskrewe getalle en beskikbaarheid van ruimte.
8. **MCP / MRP** mag, indien nodig, die leerder se vorige plek van skoolopleiding kontak met betrekking tot geloofwaardige inligting vir toelatingsdoeleindes.
9. Indien nodig, sal die skoolhoof na goeddunke 'n onderhoud met die voornemende ouers skeduleer. Aanbevelings sal gemaak word en toetsuitslae sal met ouers bespreek word.
10. Aanvaarding sal afhang van die plasingstoetsuitslae, die onderhoud asook hoe die aansoeker by die skool kan baat vind.
11. Die skryf van die plasingstoets en indiening van die aansoekvorms moet NIE geïnterpreteer word as 'n waarborg deur **MCP / MRP** dat 'n leerder by die betrokke skool toegelaat en ingeskryf sal word nie.
12. Die toelating en inskrywing van leerders tot **MCP / MRP** is na goeddunke van die prinsipaal wat 'n leerder se toelating tot die skool mag weier sonder om dus 'n rede daarvoor te verskaf. Hulle kan tydelike of voorlopige inskrywing tot die skool toestaan, onderhewig aan verdere bepalings en voorwaardes wat die prinsipaal mag oplê. Die prinsipaal kan na goeddunke ’n inskrywing ooreenkomstig die reëls kanselleer.

Deur die aanlyn toelatingsvorm te voltooi, neem beide ouers kennis van en stem in tot die Toelatingsbeleid en Prosedure